

Bron  
nr.

0 | 0 | 4 ||

Datum

9 | 9 | 1 | 1 | 2 | 5 || 3 | 2 | 9

Onderwerp  
nr.

8 | ||

Knipsel  
nr.

1 | 1 | 3 | 5 | 1

DIE BURGER

Jr..... Nr..... P. 3 Dat. 25 NOV. 1999

# Privatisering in reeds R10,3 miljard

HEIN SWART

**KAAPSTAD.** – Die Regering het reeds R10,3 miljard bekom uit die privatisering van staatsbates en die verkoop van strategiese olievoorrade, het mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, in die Parlement gesê.

Aangesien dié geld hoofsaaklik aangewend word vir die vermindering van staatskuld, is dit tot dusver maar 'n druppel aan die emmer. Ondanks dié meevaller, het staatskuld tussen Maart en April inderdaad verder met 5,2% van R377,6 miljard tot R397,3 miljard aangegroei.

Manuel, wat skriftelik geant-

woord het op 'n vraag hieroor deur dr. Gerhard Koornhof, die UDM se hoofwoordvoerder oor finansies, sê dat die grootste bedrag, altesame R7,6 miljard, uit die verkoop van strategiese olievoorrade bekom is. Dié verkope het in die 1995/96-boekjaar begin met R1,3 miljard en is in agtereenvolgende jare opgevolg met bedrae van R1,6 miljard, R2,9 miljard en die afgelope jaar met R1,7 miljard.

Privatisering het tot dusver R2,7 miljard opgelewer. Dié syfer is saamgestel uit R21,1 miljoen uit die verkoop van Sun Air, R510,4 miljoen uit die verkoop van radiostasies deur die SABC, R991,3 miljoen uit die verkoop van 'n belang in die Lughawensmaatskappy en R1,2

miljard uit die verkoop van 'n soortgelyke belang in Telkom.

Die Regering verwag dat hy in die lopende fiskale jaar nog R4 miljard uit die verkoop van staatskorporasies sal bekom, terwyl die opbrengs uit Sasria se oortollige reserwes 'n bykomende R7,1 miljard sal oplewer. Dit sal die groot totaal aan die einde van die lopende jaar op altesame R21,4 miljard te staan bring.

Manuel sê dit is baie moeilik om die toekomstige opbrengs uit privatisering akkuraat te bepaal, want dit sal grootliks 'n faktor wees van hoe glad toekomstige verkope van staatsbates sal verloop. Die Departement van Finansies is tans met die Departement van Openbare On-

dernemings in verbinding sodat hy 'n beter idee kan kry van die pas van privatisering en die moontlike invloed van geld na die staatskas.

Dit bly die Regering se beleid om die opbrengs uit die herstrukturering van staatsbates vir die verdere aflossing van staatskuld aan te wend. Hoewel die staatskuld tot R397,3 miljard toegeneem het, bedra dit nou net 48,96% van die bruto binnelandse produk teenoor 50,26% in die begin van die jaar. Net die rente op dié skuld sal vanjaar sowat R46,1 miljard bedra. Saam met bestuursheffings en leningskoste styg dié bedrag tot R51,9 miljard, wat sowat 'n vyfde van die nasionale begroting absorbeer.

Afgesien van privatisering en die

verkoop van olie, doen die Departement van Finansies tans ook verskeie ander stappe om die staatskuld hanteerbaarder te maak. 'n Nuwe risikobestuurstrategie word geformuleer wat die departement in staat sal stel om rentekoste verder af te bring. Laer koerse het rentekoste die afgelope jaar reeds met R1,6 miljard afgebring.

Verder sal 'n inflasiegekoppelde effek later vanjaar uitgereik word. Dit sal die inflasiepremie uitskakel en dus tot verdere dalings van rentekoste lei. Ook is die verhandelbaarheid – en dus die likiditeit – van staatseffekte verbeter. 'n Baie buigsame euro-uitgifte vir sogenaamde opportunistiese finansiering is ook gedoen.

TREFWOORDE

1 Sake Burger

2 Manuel T.

3 Parlement

4 staatskuld

5 inflasie

6 Privatisering

7

8

9

10